**Bylae A: Voorgestelde aktiwiteite vir Afrika-week (25 tot 29 Mei 2026)**

Om die betekenis en belang van Afrika-dag te bevorder, word inrigtings aangemoedig om **Afrika-week** met die volgende aktiwiteite te vier:

1. **Byeenkomste en praatjies met Afrika-temas**
   - Reël byeenkomste wat op eenheid in Afrika, die geskiedenis van Afrika en hedendaagse prestasies in Afrika fokus
   - Nooi gassprekers (akademici, gemeenskapsleiers, kunstenaars)

2. **Kultuurtentoonstellings**
   - Reël dae waartydens tradisionele drag uit verskillende Afrika-lande gedra word
   - Bied musiek-, dans- en poësie-uitvoerings aan
   - Fasiliteer sessies waar stories oor en van Afrika vertel word

3. **Klaskamergebaseerde aktiwiteite**
   - Doen 'n bronontleding van belangrike historiese gebeure in Afrika
   - Voer debatte oor ontwikkelingskwessies in Afrika
   - Integreer Afrika-perspektiewe by lesse in verskillende vakke

4. **Bevordering van taal en letterkunde**
   - Vier Afrika-tale deur middel van voorlesings en voordrag
   - Hou boekuitstallings van skrywers uit Afrika
   - Beplan kreatiewe skryfwerk oor Afrika-identiteit en -erfenis

5. **Kuns en uitstallings**
   - Vertoon leerders se plakkate, muurskilderye of uitstallings met Afrika-temas
   - Beklemtoon innovasie, leiers en historiese mylpale in en uit Afrika

6. **Kos-en-erfenisdag**
   - Berei tradisionele Afrika-disse voor
   - Bespreek die kulturele betekenis van kos

7. **Gemeenskapsbetrokkenheid**
   - Onderneem uitreikprojekte in vennootskap met plaaslike organisasies
   - Stel plaaslike erfenis en gemeenskapsgeskiedenis ten toon

8. **Kompetisies**

- Hou vasvrae oor die geskiedenis en geografie van Afrika
- Reël opstel- of toespraakskryfkompetisies oor die toekoms van Afrika

9. **Digitale en media-integrasie**

- Vertoon leerders se kort video's of aanbiedings
- Onderneem en bestuur sosialemedia-veldtogte wat Afrika-trots en -kennis beklemtoon

10. **Besinning en dialoog**

- Fasiliteer gestruktureerde besprekings oor Afrika-identiteit, -eenheid en -uitdagings
- Moedig leerders aan om na te dink oor wat dit beteken om in 'n globale konteks 'n Afrikaan te wees